5 MEI 2024

# TORINGKERK NUUS

SONDAG EREDIENS | BRING DIT VIR MY | MATT 14:13-21



## KEEP A CLEAR EYE

Keep a clear eye toward life's end. Do not forget your purpose and destiny as God's creature. What you are in his sight is what you are and nothing more. Remember that when you leave this earth, you can take nothing that you have received...but only what you have given; a full heart enriched by honest service, love, sacrifice, and courage.

**-ST. FRANCIS OF ASSISI.**

# WIL JY DEEL WORD VAN DIE BLOMME SPAN OP SONDAE?

Ons is so dankbaar vir ons Blomme-span wat elke Sondag seker maak dat ons die mooiste blomme en/of groenigheid het wat die liturgiese ruimte versier.

Ons benodig nog so paar mense wat deel kan word van hierdie span. Die span word kwartaaliks ingedeel, so jy kry sekere Sondae waarvoor jy dan verantwoordelik is. Daar is geen voorskrifte nie en jy kan enige blomme/blare bring wat vir jou mooi is.

***Indien jy kan deel word van hierdie span, kontak asb vir Jana.***





# SOP & BROOD VIR PINKSTER

Pinkster is om die draai en die koel weer is hier om te bly!

Pinkster is elke jaar 'n ongelooflike spesiale geleentheid. 'n Lekker sop en broodjie dra by tot hierdie heerlike geselligheid.

Ons benodig 'n hele paar mense om sop en brood te bring vir die Pinkster aande.

- Maandagaand
- Dinsdagaand
- Woensdagaand

***Kontak asb vir Annelie in die kerkkantoor indien jy hiermee kan help.***

# PINKSTER KUNS

Ons is baie opgewonde oor hierdie jaar se Pinkster tema - ***Daar is meer, soveel meer oor God as wat ons glo of dink***. Ons wil elkeen uitnooi om rondom hierdie tema kuns in verskillende vorms kerk toe te bring waar ons dit vir die week van Pinkster gaan uitstal. Jy kan self iets skep of as daar iets in jou huis is wat jou aan God herinner wil ons vra dat jy dit met ons sal deel vir daardie week. Jy kan dit kerkkantoor of kerk toe bring voor 12 Mei, ons sal dit mooi oppas en aan jou teruggee na 19 Mei.

Ons praat van skilder, dig, lied, klei - enigiets en alles is welkom.

***Kontak vir Jana vir meer inligting.***



PINKSTER 2024

# DAAR IS MÉÉR

## DAAR IS SOVEEL MEER OOR GOD AS WAT ONS DINK (OF GLO...)

AANGEBIED DEUR PROF. NELUS NIEMANDT

01

### GOD IS FAMILIE

HOEKOM DINK SO BAIE MENSE GODSDIENS GAAN VERAL OOR LEERSTELLINGS OOR GOD?

**SONDAG | 12 MEI**
**09:30**

02

### ONS STORIE BEGIN BY GOD WAT OORLOOP NA ONS TOE

HOEKOM IS MEESTE MENSE BANG VIR GOD EN BANG DAT GOD BEHEER OOR ONS LEWE SAL NEEM?

**MAANDAG | 13 MEI**
**18:00**

03

### GOD IS GROOT, MAAR IS OOK DIE GOD VAN KLEIN DINGE

HOEKOM SUKKEL ONS SO OM GOD IN KLEIN DINGETJIES VAN DIE LEWE RAAK TE SIEN?

**DINSDAG | 14 MEI**
**18:00**

04

### DIE GOD WAT ALTYD GEE

HOEKOM GOD EERS GEE VOORDAT GOD IETS VAN ONS VRA

**WOENSDAG | 15 MEI**
**18:00**

05

### GOD, SKOONHEID EN KUNS

WATTER ONVERWAGSE INSIGTE LEER ONS DEUR DIE OË VAN KUNSTENAARS EN MET HARTE VOL SKOONHEID?

**SONDAG | 19 MEI**
**09:30**

MAANDAG - WOENSDAG KOM ONS OM 18:00 BYMEKAAR OM TE KUIER & SOP TE GENIET.
ONS BEGIN DIE DIENS OM 18:30

JY IS GENOOI NA

# KINDER PINKSTER

## HAPPIES



# KOM KUIER SAAM!

**MAANDAG (13 MEI) | DINSDAG (14 MEI) | WOENSDAG (15 MEI)**

**AFLAAI: TUSSEN 18H - 18H30 | OPLAAI: TUSSEN 19H30-20H**

**TORINGKERK ONDERSTE SAAL (H/V VD LINGEN EN HOOFSTR)**

---

ONS BESOEK ELKE DAG VERSKILLENDE WEGNEEM RESTAURANTE EN PROBEER AGTERKOM HOE ELKEEN SE "LOGO" OF SLAGSPREUK ONS KAN HELP OM IETS TE ONTDEK OOR JESUS SE HEMELVAART EN PINKSTER.

KONTAK: TILANA (083 448 8306), NICO (083 256 2014), JANNEKE (0828316165)













# TOT WEER SIENS JANNEKE & CHRISTIAAN

Janneke & Christiaan is amper op pad Nederland toe en ons kan nie glo ons moet groet nie. Janneke is sedert 2017 betrokke by Toringkerk, eers net as jeugwerker en toe ook as maatskaplike werker. Sy is in 2022 gelegitimeer as Diensleraar en word ook so by Toringkerk aangestel en bevestig met opdrag - Jeug & Gemeenskap. Die groot fondasie-werk wat Janneke op hierdie twee fronte gedoen het gaan nog lank staan en ons hoop om daaraan voort te bou.

Oor die 7 jaar was dit vir ons as gemeente 'n voorreg gewees om te sien hoe sy gegroei het in haar bediening. Sy is 'n ongelooflike mens en 'n regte raakvatter. Haar hande staan vir niks verkeerd nie en sy help waar sy kan. Sy het oor die jare die Toringkerk Nuus gedoen asook ons sosiale media en webtuiste. Sy is baie kreatief en 'n goeie fotograaf en ons is altyd dankbaar as sy by geleenthede 'n paar fotos neem.

Janneke is 'n vrou van vele talente. Maar dis haar mens-wees wat ons almal so aangeraak het. Sy is 'n diep omgee-mens wat hard werk vir geregtigheid en gelykheid van alle mense. Maak nie saak wie jy is nie, sy het tyd vir jou en doen moeite om jou beter te leer ken. Sy het 'n ongelooflike gawe om mense ook welkom te laat voel en haar sprankelende persoonlikheid trek mense na haar toe. Sy gaan altyd die ekstra myl en niks is te veel gevra nie.

Sy is 'n wonderlike teoloog en ons is so dankbaar vir die werk wat sy in die gemeente en gemeenskap gedoen het met oud en jonk. Ons is ook dankbaar dat ons vir Christiaan bygekry het as deel van ons geloofsfamilie. In die jare wat hulle saam is, is ons bewus van die groot liefde en ondersteuning wat hy ook vir haar bied.


Julle los 'n groot leemte en ons gaan julle vreeslik mis. Ons wens egter vir julle net die beste toe op hierdie nuwe avontuur! Nie *bye* nie, maar eerder tot weersiens!

# HEMELVAART

Ons vier jaarliks Jesus se Hemelvaart, waar ons bely dat Jesus liggaamlik die wêreld verlaat het om 'n nuwe ewige woning vir ons by die Vader voor te berei. Hiermee sê ons ook dat Jesus vir altyd koning is, en vier ons ook veral sy wederkoms, waarby Hy ons en die hele skepping nuut gaan maak. Tog glo ons dat Jesus ons nie verlaat het nie, maar dat Hy alomteenwoordig is deur sy Gees. By Hemelvaart vier ons dus nie dat Jesus ons verlaat het nie, maar dat Hy, hier en nou, ewig en oral by ons is.

***Ons vier dit saam op Donderdag 9 Mei om 18:00 in die kerk.***





# SPESIALE STEMME

Dit is van kardinale belang dat almal wat geregistreer is, wel op stemdag hulle kruisies maak. Kieserregistrasie is reeds voltooi, maar daar is nog spesifieke sperdatums vir registrasie van spesiale stemme, om buite jou stemdistrik te stem of om in die buiteland te stem. *(Bron: VrydagNuus)*

Daar is 2 opsies beskikbaar vir Spesiale Stemme vir Stemdag:

1. Om te kan stem by 'n stempunt op Maandag of Dinsdag voor stemdag op Woensdag 28 Mei.
2. Om te reël dat OVK jou stem aan huis kom afhaal.

Vorms vir bogenoemde is by kerkkantoor beskikbaar. Kontak André Koegelenberg (0832693138) rakende enige info/ hulp hiermee.

# TORINGKERK WHATSAPP

WhatsApp het 'n nuwe funksie wat die kommunikasie van groepe vergemaklik!

Omdat daar soveel verskillende WhatsApp-groepe in die gemeente is, laat WhatsApp ons nou toe om 'n gemeenskap te stig, wat die algehele kommunikasie na die gemeente vergemaklik!

Jy sal sien dat jy nou deel is van Toringkerk se 'community'.

- Dit beteken nié dat jy nou op nóg 'n groep gelaai is nie. Inteendeel verander daar nie veel by jou nie - jy sal nou net kan sien hoeveel groepe daar in die gemeente is en aan wie watter kommunikasie gestuur word.
- Dit beteken ook nie noodwendig dat jy nou skielik meer boodskappe gaan kry nie, behalwe as jy op meer as een groep sou wees.

Scan die QR kode hier langsaan en raak deel van die WhatsApp Toringkerk gemeenskap.

Toringkerk

WhatsApp group

# SUMIEN: PROJEK-KOÖRDINEERDER

Sumien Symington is ons nuwe projekoördineerder. Ons is baie dankbaar en opgewonde om haar deel van die span te hê!

Sumien se rol behels die koördinering van Markietie, asook die 150 jaar viering van Toringkerk in 2025. die vieringe bestaan uit ‘n hele klomp verskillende geleenthede, so hou hierdie spasie dop!

Kontak haar gerus in verband met Markietie en 2025 se feesjaar.





# NATANIËL
## (‘N MOEDERSDAG BEDERF)

Ná 37 jaar op die verhoog staan Nataniël bekend as sanger, skrywer, storieverteller en stylikoon met sy asembenemende kostuums. Op Sondag 12 Mei het inwoners van die Paarl die geleentheid om Nataniël se Moedersdagkonsert te ervaar, met hoogtepunte uit sy laaste groot verhoogproduksies en ’n retrospektiewe blik op van die snaakste stories in Afrikaans en Engels. Nataniël deel die verhoog van die Toringkerk met die pianis Charl du Plessis vir hierdie enkele uitvoering. Nuwe kostuums deur Nataniël se ontwerper Floris Louw word spesiaal vir die geleentheid onthul.

**Datum:** 12 Mei 2024
**Tyd:** 15:00
**Plek:** Toringkerk
**Koste:** R290

***Bespreek aanlyn by seatme.co.za (of vind die skakel op Toringkerk se webtuiste: www.toringkerk.co.za)***

# HUIS ARISTEA BEHOEFTELYS

Huis Aristea het ‘n paar behoeftes - dalk kan jy help?

- 1x haardroeër
- Sitkamerstel
- Yskas

Die sitkamerstel wat die huis tans het is redelik deurgesit en benodig ‘n herstel of dalk selfs ‘n nuwe stel. Dit kan bestaan uit ‘n bank/sagte stoele ens.

Die yskas is stukkend. Hulle moet die yskas elke tweede week die yskas afsit. Dit benodig ‘n goeie herstel, of dalk selfs ‘n nuwe yskas.

Indien jy kan help, kontaks asb vir Janneke.



# DIEP & VER

Ons gemeente is bevoorreg om reeds sedert Mei 2020 op ‘n maandelikse basis +-50 gesinne te ondersteun met ‘n kospakkie. Van die gesinne kom uit ons eie gemeente en ander skakel in by Network for Christ - ‘n plaaslike organisasie wat huishoudings bemagtig en bedien in uitdagende omstandighede. Ons kan slegs voorsiening maak van hierdie kospakkies met die hulp van die gemeente en breër Paarl gemeenskap se finansiële bydraes.

**Hoe kan jy betrokke raak?**

• Borg ‘n kospakkie ter waarde van R250. Elektroniese inbetalings kan by die kerk gemaak word - verwysing “Diep en Vêr”.
• Word deel van die Diep en Vêr pak-span. Hierdie span kom een / maand bymekaar om die kospakkies te pak.
• Bid vir die gesinne wat tans onder moeilike omstandighede leef, asook die personeel van Network for Christ.

Ons wil ‘n plaaslike gemeente wees, wat ‘n impak het op ons plaaslike gemeenskap. Wees deel hiervan! ***Kontak asb vir Hannetjie vir meer inligting.***





# PAD VORENTOE

Die leraars het in die week saam met ‘n groep lidmate bymekaar gekom om te gesels oor die toekoms en die pos van Diensleraar. Na ’n goeie gesprek stel die groep die volgende voor:

- Kortermyn betrek ons rolspelers in die sisteem om die onmiddelike nood te verlig vir Jeug & Gemeenskap - ons sterkpunte is goeie teologie, volhoubare bedieninge en ‘n klomp rolspelers wat saam in die bediening dien.
- Langertermyn beoog ons om ‘n Diensleraar aan te stel met opdrag Jeug & Gemeenskap.

Diensverhoudinge sal dit formuleer in ‘n tydlyn en die voorstel vir die GR gee om goed te keur.
Ons geloofsfamilie se volgehoue gebed vir ons gemeente, ons leraars en die bediening in hierdie verband en die pad vorentoe bly kardinaal om die Here se roepstem in ons gemeente en gemeenskap te hoor.
Ons is net weer besonders dankbaar vir Janneke se talente en gawes wat sy roekeloos met ons gemeente en gemeenskap gedeel het om Sy lig te laat skyn in die Paarl.

# BEGRAFNIS: WENDA CILLIERS

Die begrafnisdiens van Wenda Cilliers vind plaas by die NG Gemeente Denneburg, Antoinette straat, Paarl.
**Datum & tyd:** Woensdag 8 Mei 2024 om 12:00.

Ter aardebestelling vind daarna plaas by die Klein Drakenstein begraafplaas op die Sonstraalpad.

Verversings word daarna bedien by die Eben-Haëzer Plaas, op die Sonstraalpad.

Ons dink aan en bid vir Wolf en gesin in hierdie tyd.



# RYNO DEEL MET ONS

Beste Toringkerker,

Die afgelope paar jaar worstel ek met my stembande. Ek was al by vele dokters maar het teen die einde van 2023 besef dat ek nie so kan voortgaan nie. Vroëer vanjaar was ons verlig toe ons ‘n knop aan die regter kant van my keel gekry het. Dit is bevestig met bloedtoeste, sonar en die biopsie dui dat dit goedaardig is. Na nog ‘n rondte toetste het ons onlangs ‘n ander knoppie in my keel gekry saam met ‘n stukkie kraakbeen wat nie reg sit in my keel nie. Vir hierdie om te genees moet die inflammasie sak. Sodra die inflammasie sak, begin ek met spraakterapie en dan ‘n klein operasie vir die verwydering van die knoppie en kraakbeen. As ek nou stil bly en myself goed gedra, kan ons dalk die operasie vry spring.

Ek is nou al op medikasie om die suur in my liggaam te verminder (stres speel ‘n rol). Omdat spraak ook baie met my beroep te doen het, en my stem uiters broos is, kan dit lei na groter langtermyn skade. Ek bly tans weg van plekke met baie geraas, publieke areas en selfoon oproepe. Om my normale ritme van werk toe te pas is uitdagend omdat ons te veel vergaderings, besoeke, beplanning en spreekbeurte het by jeug, belydenis, skole, pastoraat, besoeke, vergaderings en netwerk geleenthede. Dit sluit nie ander praat geleenthede in nie. Buiten dit het my eet program ook oornag verander en my gunsteling drankies is nou water en rooibos tee. Die wat my ken weet hoe baie ek van eet hou & ‘n biertjie.

**My siekverlof datums is as volg:**
6 Mei – 24 Junie

Op die 24ste Junie sal ons bepaal of ‘n operasie nodig gaan wees, wat voorlopig bespreek is vir 8 Julie. Indien daar ‘n operasie sou plaasvind, sou ek vir 6 weke glad nie mag praat nie en is dan vir ‘n verdere 6 weke met siekverlof.

Bid asb saam met my. Die eerste vorm van aanpassing is: waai vir my, glimlag vir my, toet vir my, knik jou kop vir my, maar ek kan ongelukkig nie met jou praat of jou oproep vat nie. Glo my, ek wil. Ek mag tans net 15 min van 60 min praat.

Ek is dankbaar vir die wonderlikste gemeenteraad wat my ondersteun in die tyd. Ek is dankbaar vir vriende en familie wat stil-stil saam met my eet en die nuwe normaal aangryp.

Toringkerk is onder druk, ondersteun asb vir Jana, Dawfre en die span. Praat asb met Sumien oor Markietie, sy is uiters bekwaam. Ons gaan nie nou by alles kan uit kom nie en hiervoor vra ons julle ondersteuning en verdraagsaamheid.Ons het darem al erger oorleef.

My nuwe gunsteling liedjies in die volgende tyd is:
- Shut up Shut up – Black Eyed Peas (dit is ‘n grappie)
- I speak Jesus (feat. Steven Musso) Charity Gayle
- Matthew West – Truth be told

My aanhaling vir die volgende tyd is:
Preach the gospel at all times, and when necessary, use words” St Francis Assisi.

Die seisoen se naam is “stil & sterk” en “gesondheid, rus & entoesiasme”. As jy 'n af dag het, gaan kuier asb by 'n persoon in die siekeboeg van Rusoord of die hospitaal, ons het baie om voor dankbaar te wees.

Dankie dat ek dit met jou kan deel, ek het net laas week oor PERSPEKTIEF gepreek en moet nou my eie preek gaan toepas. Waardeer asb jou gesondheid, dit is na God jou grootste belegging en rykdom.

Soli Deo Gloria,
Ryno

# dagboek
# DIE DATUM



**03 MEI** **WYNVEILING**



**12 MEI** **NATANIEL**



**12-19 MEI** **PINKSTER**



**30-31 AUG** **MARKIETIE!**

ONS SIEN UIT NA 'N OPWINDENDE JAAR!

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

5 Mei Altus Basson
5 Mei Susan Smit
5 Mei Werner Struwig
5 Mei Rick Venter
6 Mei Marlie Barkhuysen
6 Mei Maretha Groenewald
6 Mei Marie Sandenbergh
6 Mei Christo Van Wyk
7 Mei Elmari Kotze
7 Mei Koos Loots
7 Mei Ivan Makkink
7 Mei Danél Mans
7 Mei Sion Maree
7 Mei Werner Pieters
7 Mei Zuléka Smit
7 Mei Brendan Tighy
8 Mei Luke Jacobs
8 Mei Ina Troost
9 Mei Xander Brink
9 Mei Jurie Hayes
9 Mei Johannes Pretorius
9 Mei Jaco Terblanche
10 Mei Rubenna Loubser
10 Mei Carmen Spangenberg
10 Mei Jaenette Struwig
11 Mei Beyers Jonker
11 Mei Eugene Louw
11 Mei Michau Olivier
11 Mei Hanneke Visser
11 Mei Thys Walters

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)**

Kinderkleingroepe gaan voort soos normaal! Ons lees die storie van Jesus se Hemelvaart!

**KRUISCONNECT (GR. 7-10)**

Geen KruisConnect hierdie week nie - almal kuier na die diens saam met Janneke & Christiaan.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Ons derde Tienerkerkdiens is 7 Mei, 19:00-20:00 in die kerk!

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE: BOLAND SKOOL VIR OUTISME

Volgens Outism Suid Africa word ongeveer 1 uit 88 Suid-Afrikaanse kinders met outisme gebore – en die getal stuig. 'n Onlangse studie toon dat daar ongeveer elke uur 'n kind met outisme in Suid-Afrika gebore word (www.autismsouthafrica.org.za). Hierdie kinders benodig dikwels spesiale sorg en opvoeding om in hul behoeftes te voorsien. In 2009 was daar egter net twee bestaande Outisme-spesifieke skole in die Wes-Kaap, wat albei lang waglyste van meer as 100 kinders gehad het. Daarom het 'n paar ouers en professionele persone van die Paarl in September 2009 bymekaargekom en die behoefte gesien om 'n skool vir outisme in die Boland-omgewing te open. Met baie ondersteuning en skenkings van die Paarlse gemeenskap en leiding van Bo het ons ons deure op 18 Januarie 2010 by die NG Kerk Drakenstein geopen. Ons het begin met 4 kinders en twee tutors.

# KALENDERBORG

## CATHMAR TV & RADIO

CATHMAR TV & RADIO

Verkope, reparasie & installasies

Nuwestraat 9, Paarl, 7646 Tel: (021) 8721346 - Faks: (021) 8726625
e-pos: sales@cathmar.co.za - Webruimte: www.cathmar.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | rynojels@gmail.com

### DIENSLERAAR: GEMEENSKAP & JEUG

Janneke Neethling | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.